

## Woordelys

suiwer stowwe  
mengsels

Daar is baie maniere waarop ons stowwe kan klassifiseer. Een so 'n manier is deur te kyk hoe die stof uit verskillende deeltjies bestaan. Dit word die samestelling van 'n stof genoem. Ons onderskei tussen suiwer stowwe en mengsels.

**Suiwer stowwe bestaan** slegs uit een soort deeltjie. Al verdeel jy die stof in baie klein deeltjies, sal elke deel steeds dieselfde eienskappe en samestelling hê. Suiker, tafelsout, suurstof en suiwer (gedistilleerde) water is voorbeelde van suiwer stowwe.

'n Suiwer stof smelt en kook teen spesifieke temperature. Die waardes van die smeltpunt en kookpunt van suiwer stowwe is presies en voorspelbaar. Ons gebruik hierdie waardes om 'n onbekende stof te identifiseer of mengsels van stowwe te skei.


## Mengsels

- Ons word deur allerhande soorte stowwe en materiale omring. Die suiwer stowwe meng op baie verskillende maniere met mekaar om al die dinge om ons te vorm. Ons kom in die daaglikse lewe selde met suiwer stowwe in aanraking. Die meeste goed is mengsels wat uit verskillende soorte stowwe met verskillende eienskappe bestaan.

Mengsels kan vaste stowwe, vloeistowwe of gasse wees, en 'n mengsel se samestelling kan wissel. Lug is 'n mengsel van verskillende gasse. Dit bevat stikstof en suurstof, en ook 'n klein hoeveelheid ander gasse. Lug bevat slegs 0,033% koolstofdiksied.

'n Mengsel bestaan uit twee of meer stowwe of materiale wat verskillende eienskappe het.

2.2.1 Benaderde samestelling van die lug



Beton is 'n mengsel wat sand, klip en sement bevat. Seewater is 'n mengsel van water met baie opgeloste soute en ander chemikalieë.